



# Lening **sonder** maandelikse terugbetalings

Jan en alleman werk gewoonlik sowat veertig jaar lank en tree dan in sy sestigerjare af. Die meeste mense hoop hul aftrede sal lonend en ontspanne wees. Dit is 'n neerdrukkende vooruitsig dat 'n mens dalk te min geld gaan hê om jou aftreetyd van twintig jaar of langer behoorlik te kan geniet.

Die treurige waarheid is dat baie senior burgers hulle reeds in sulke omstandighede bevind.

Die kans is boonop goed dat dit kan versleg.

Hoe kan 'n senior burger nypende finansiële druk vermy? Deur minder te bestee en die gordel in te trek, kan die aftreegeldjies 'n bietjie langer hou. 'n Afgetredene kan op kort termyn sy lewenspeil verhoog deur maandeliks meer te bestee, maar die slaggat is dat 'n mens se aftreekapitaal dan vinniger opraak.

Die oplossing is dus om beskikbare aftreekapitaal so goed moontlik te laat groei.

Dit kan gedoen word deur weer te gaan werk, deur onbenutte huisvesting in jou woning te verhuur of selfs deur die huis te verkoop en 'n kleiner en goedkoper blyplek aan te skaf.

Die opbrengs wat op dié manier verkry word, kan dan gebruik word om 'n mens se verlangde lewenspeil as afgetredene te finansier.

Seniors' Finance bied nou 'n ander keuse. Dit staan algemeen bekend as 'n huiswaardelening oftewel truverband. Seniors' Finance het die gerief eerste in Suid-Afrika aangebied.

Dié onderneming is ook die eerste wat met welslae deur die plaaslike beskermingsvereniging vir die te gelde maak van huiswaarde (South African Home Equity Release Protection Association oftewel Saherpa) geakkrediteer is ná die ouditering van sy lening, SF Help.

Die grondliggende beginsel van truverbande is dat ouer huiseienaars hul eiendom as sekuriteit aanbied. Die leningsbedrag word bepaal deur die waarde van die eiendom en die ouderdom van die eienaar.

Groter lenings word aan ouer eienaars met meer waardevolle eiendomme verskaf. 'n Lening van 20% van die eiendomswaarde sal byvoorbeeld aan 'n 75-jarige huiseienaar toegestaan word.

**Die lenings is uniek omdat geen maandelikse terugbetaling op die geleende bedrag of die rente daarop gehef word nie. Die lening en die opgeloopte rente kan terugbetaal word ná die afsterwe van die lener.** Op dié manier kry die lener toegang tot die waardevermeerdering wat sy eiendom oor jare ondergaan het sonder dat hy hoef te verhuis of te verkoop.

Die nuwe bron van kapitaal kan ingespan word om sy lewenspeil te verbeter.

Omdat truverbande soos SF Help nie maandeliks terug betaal hoef te word nie, is daar geen bykomende druk op die lener se maandelikse kontantvloei nie.

Die lener kan self besluit waarvoor hy die geld wil gebruik, hoewel mense aangeraai word om mooi te dink voor hulle die geld spandeer.


Uit die bestaande groep leners het 29% hul lenings ingespan om hul maandeliks inkomste te vergroot, 28% het dit gebruik om huisverbeterings te doen of iets vir die huis by te koop en 13% het die geld gebruik om hul oorblywende huislenings en ander skuld af te los.



**NIC CRAIG**

Dr. Ali Bacher, die voorsitter van Seniors' Finance, sê hy begryp die finansiële druk waardeur baie Suid-Afrikaanse seniors in die gesig gestaar word. Hy keur die verbetering goed wat Seniors' Finance se bystand reeds skep deur die ontsluiting van kapitaal in eiendom vir talle afgetredenes wat ryk is aan bates maar arm aan kontant.

**Nic Craig is die besturende direkteur van Seniors' Finance. Nog inligting kan verkry word by ☎ 0860 736 467 / 0860 SENIOR of op die webwerf: www.seniorsfinance.co.za.**









## Ons het daarin geslaag om die belonings van aftrede ruimskoots te geniet - u kan ook

Ons het ons huis gerestoureer, oorsee gereis en finansiële bystand verleen met ons kleinkinders se opvoeding. Hoe het ons dit reggekry? Wel, ons verband is afbetaal en ons is albei oor 65, so Seniors' Finance het ons voorsien van 'n kontantlening om te gebruik net soos dit ons behaag. Met die Seniors' Finance Home Equity Lifetime Provider (SF HELP) is daar geen maandelikse terugbetaling nie en die lening hoef nie noodwendig in ons leeftyd terugbetaal te word nie.

**Vir meer inligting, kontak Seniors' Finance:**

**Telefoon:**
0860 SENIOR (0860 736 467)
**E-pos:**
enquire@seniorsfinance.co.za
**Internet:**
www.seniorsfinance.co.za

SENIORS' FINANCE

A Reason to Smile...